



500 myl

daar was nooit tyd vir kindwees

Phillip C. Henn

Hoofstuk 1

DIT IS LAATMIDDAG in die middel van 'n koue Vrystaatse winter. Winters hier is nie grappies nie. Dis 'n droë koue met 'n venynige skraal, skerp windjie wat deur vel en been sny en jou hande en lippe bloedloos laat oopkraak.

Dis die jaar 1901...

Van 'n afstand af lyk die klipkoppie soos enige ander koppie in daardie verlate vlaktes van die Vrystaat, maar met klokslag fluit 'n rondte van die Britse veldartillerie deur die lug en tref die koppie met 'n grys wolk van klip en grond wat die lug in opskiet.

Nagenoeg sestig burgers lê ingegrawe agter skamele klipverskansings, genadeloos vasgepen deur die akkurate artillerie. Gewondes lê met arms en bene afgeruk deur skrapnel; ander is genadiglik deur Kakieskerpskutters in die kop getref. Die stowwerige sweet van vrees en verlatenheid blink dof op die gesigte van die gehawende oorlewendes: pa's, oupas, ooms en jong seuns; die laaste van die Bittereinders.

'n Jong penkop, swaar gewond en vol bloed, strompel hygend rond in 'n dwaal; hy het geen idee waar hy is nie. Die vyftienjarige Lukas Malan sien sy makker en spring van agter sy klipmuurtjie op en hardloop skreeuend na hom: "Nee! Pietman!"

Pietman draai stadig om en kyk met 'n skewe glimlag na Lukas wat op hom afstorm. Lukas is amper by hom, maar 'n Kakieskerpskutter se .303 rondte tref Pietman in die kop. Pietman se kop ruk skerp agtertoe en stukke breinweefsel en bloed spat op Lukas se gesig.

Lukas staan versteen van skok terwyl Pietman se lyk op die grond sy laaste stuiptrekkings gee. Nog 'n rondte artillerie is fluitend op pad in die rigting van die koppie. Wit Willem Marx, Lukas se beste vriend, kom aangehardloop en duik Lukas plat soos die artillerie rondte die koppie met 'n sidderende slag tref. 'n Stuk skrapnel tref Lukas hoog in die skouer.

Willem en Lukas lê eers doodstil onder grond, klippe en stukke hout wat soos vuil konfetti by 'n bloedige bruilof oor hulle gestrooi is.

Willem skree vir hom: "Raak jy heeltemal bedonnerd?! Wil jy ook jou kop afgeskiet hê!"

Willem sleep Lukas hardhandig tot agter 'n klipverskansing. Hulle lê daar, hygend na asem. Lukas raak bewus van die pyn in sy skouer en die bloed begin onder sy baadjie se mou uitloop.

"Trek uit dat ons kyk wat so bloei." Willem help Lukas met sy baadjie. Hy begin nou eers die pyn voel en versigtig haal hulle sy baadjie af. Laag vir laag word die res van sy vuil, stukkende klere uitgetrek. Lukas sit nou kaal bolyf en bibber van die koue en skok. Willem vee die bloed versigtig met sy hand weg en kyk op sy tyd na die tien-sentimeterlange sny op Lukas se linkerskouer.

"Jy't amper op jou moer gekry! Dis darem nie te erg nie."

Willem kyk angstig rond en sak sy kop soos nog 'n artillierierondte inkom en naby hulle ontplof. Nog meer grond en klippe stort op hulle neer.

"Wag hier; ek kom nou," sê Willem.

Hy kruip laag oor die grond na 'n stapelplek van kratte met kos, ammunisie en algemene negosie wat reeds flenters geskiet is.

"Waar gaan jy? Ek vrek van die koue!" skree Lukas.

Willem ignoreer hom terwyl hy tussen die stukkende kratte krap. Genadiglik vind hy 'n stuk skoon verband en ontsmettingsmiddel.

Hy kruip weer terug na waar Lukas lê.

“Laat ek gou die skrapie dokter, voor jy vrek van die koue,” sê Willem met 'n skewe glimlag. Hy was die wond netjies skoon met 'n bietjie water uit sy waterkan. Lukas hou hom stil dop en byt op sy tande.

“As jy gedink het dís seer..”

Willem gooi ruimskoots staaldruppels op wat verskriklik brand. Lukas word wit in die gesig van die pyn en wil flou word; hy begin onbeheersd ruk. Willem druk Lukas emosieloos vas en wag tot die eerste vlag van verwoede pyn weggaan.

“Ek het jou mos gesê!”

Hy gee vir Lukas 'n sluk water voordat hy die wond tydsaam netjies verbind en help Lukas om weer sy klere aan te trek. Laastens help hy hom met sy baadjie.

“Wag eers,” sê Willem. Hy gooi water in sy hand en begin die bloed en breinweefsel van Lukas se gesig afwas.

“Daar's hy! Ma se kind! Moenie nou gaan staan en vrek van die koue nie.”

Met 'n flouerige glimlag sê Lukas, “Dankie mater.”

“Ek wil gaan kyk waar's my pa.”

Willem kyk op na die lug wat nou van 'n warm oranje, vinnig na 'n yskoue, vaal blou verander. “Wag jy nou eers, die artillerie gaan nou-nou stop; dis al amper donker.”

Willem het skaars gepraat toe nog 'n laaste rondte deur die lug fluit en 'n lendelam bokwa tref. Stukke hout en klippe spat oor almal.

“Nou goed, miskien was dit die laaste rondte, maar wag nog so 'n rukkie.”

. . .

DIT IS NOU amper heeltemal donker en daar heers 'n doodse stilte. Die oorlewendes is besig om die gewondes te versorg so goed as wat hulle kan met min mediese voorraad. Die dooies word eenkant toe gesleep en in 'n ry gelê om in vlak grafte begrawe te word ... wat jare later niks meer as naamlose hope klippies aan die voet van 'n naamlose koppie sal wees nie.

Lukas loop en soek na sy pa in die chaos. Hy vind sy pa, Groot Piet Malan, wat op sy rug lê; baie ernstig gewond. Geskok gaan hy langs sy pa sit en probeer hom gemaklik maak, "Pa?" sê-vra hy.

Sy pa kyk na hom met oë wat helder blink; daardie laaste helder blink in die oë voor iemand doodgaan. Sy pa praat met hom terwyl bloed by sy mond uitloop, "Lukas..."

Lukas sê niks en kyk hartseer na sy sterwende pa.

"Ons gaan dit nie maak nie; daar's net te veel van hulle ... die Kakies."

Lukas kyk verskrik met groot oë na die man wat nooit weer alles sal kan reg maak, reg praat of reg veg nie. In die agtergrond hoor hy iemand van die pyn skree; hy kyk vir 'n oomblik weg en sien hoe nog 'n lyk verbygesleep word na die ry dooies wat al hoe langer word.

"Die Kakies gaan ons vannag almal doodskiet op hierdie koppie. Julle moet gaan ..."

"Waar gaan, Pa?"

Sy Pa spoeg nog bloed en hoes vreeslik, "Julle moet vlug."

Lukas verstaan nie; sy pa is iemand wat nooit sal oorgee nie; nie Groot Piet Malan nie. "Maar Pa?!"

Groot Piet gryp Lukas aan sy arm en trek homself nader tot teenaan sy gesig, "Luister vir my! Jy's te jonk om nou al dood te gaan. Dit is nie jou oorlog nie."

"Meeste van ons is net plaasboere wat kan skiet en perdry. Wat weet ons van oorlog?!" Lukas wil nog iets sê, "Wat die ander penkoppe en vlug, vannag nog, julle moet bly leef..."

Hy kyk vir oulaas na sy seun en die laaste flikkering van lewe in sy oë is besig om te verdwyn, “Belowe my...”

“Ek belowe, Pa.”

“My seun...”

Groot Piet Malan val stadig terug en sterf in sy geliefde seun se arms. Lukas lê sy pa stil neer. Hy sit vir ’n paar oomblikke half verwe-se en weet nie wat om te doen nie. Hy kyk na die chaos om hom en die trane van hartseer en verlatenheid oorval hom.

. . .

LUKAS SIT MET sy kop op sy gevoude arms en huil stil-stil. Willem kom nadergestap en stamp Lukas aan sy gesonde skouer.

“Lukas, jy moet kom help.”

Lukas kyk op en sy gesig is blink van die trane; nou eers sien Willem Groot Piet se liggaam.

“Ai my liewe mater ... ek is so jammer.”

Willem gaan sit versigtig langs Lukas en die twee sit net daar en staar doodstil na die niksheid van die nag. Na ’n rukkie staan Willem op en steek sy hand uit na Lukas om hom op te help.

“Kom, ons moet die ander manne gaan help.”

Lukas sê niks en staar eenvoudig die donker in.

“Lukas staan op, daar’s werk ...” Lukas val hom in die rede.

“Willem ons moet vlug,” Willem kan nie glo wat hy hoor nie.

“Vlug...?! Waarvan praat jy?”

“Die geveg is verby Willem, genoeg is genoeg! Dit moet nou klaarkry.”

“Raak jy heeltemaal mal? Ons is nie almal dood nie, ons moet aanhou veg! Ons is die Bittereinders!”

Lukas val hom in die rede, gefrustreerd en kwaad.

“Waarvoor veg ons, Willem?” Lukas is self nie heeltemaal seker oor sy argument nie, “Sê vir my, want ek weet nie.”

Willem kyk stip na Lukas. Lukas wil Willem nie in die oë kyk nie. Willem ruk Lukas hardhandig regop; hy skree amper van die pyn in sy skouer. “Praat met my, Lukas Malan; dis ek jou vriend, Wit Willem Marx van Brandfort!”

Lukas kyk hom die eerste keer vierkantig in die oë.

“Ons moet die ander penkoppe kry en vlug.”

“Vlug waarheen? Wat dink jy gaan ons kry? Wat’s daar buite? Daar’s nie meer plase nie, daar’s nie kos nie ... daar’s nie mense nie ... daar’s niks! Alles is afgebrand, al die vee vreggemaak. Elke dorp is beset of verwoes; daar’s net Kakies en blokhuisse en ... en ... doringdrade ... Die wetters is orals!” Willem is heeltemal uitasem, “Waarheen wil jy vlug?!”

Lukas staan sy man, “Ek weet nie waarheen nie ... Weskus toe ... Saldanhabaai miskien ... maar ons moet net aanhou beweeg en oorleef tot die oorlog verby is ... en dis nie meer lank nie.”

Nou staan Willem rond soos ’n steeks donkie en weet nie watter kant toe nie.

“Wanneer?” vra Willem moedeloos.

Lukas kyk hom stip aan, “Vannag nog ... kom jy saam?”

Willem glimlag effens met deernis. “Hoe kan ek jou alleen laat gaan?”

Lukas is verlig, “Nou goed! Maar kom ons begrawe eers my pa.”

. . .

HIER EN DAAR is daar burgers wat vuurtjies aan die gang gekry het; hulle probeer bietjie kos maak, en hopelik ’n lekseltjie koffie.

Lukas kom by een van die seuns, Lodewyk de Jager, aan. Hy is omtrent veertien jaar oud. Dadelik sien Lukas hy is ernstig gewond.

“Hoe lyk dinge, Lodie?” vra Lukas. Hy kan egter sien dat Lodie dit nie gaan maak nie. Lodie probeer glimlag, maar al wat uitkom is bloed en skuimborrels.

“Hulle het my ... ek's flenters,” Lukas sê niks en kyk hom net stip aan, “Ek gaan dit nie maak nie.”

Lukas dink dat dit die beste is om nie oor Lodie se toestand te praat nie, “Ons gaan vannag vlug.”

Lodie dink so effens en vra dan, “Waarheen?”

“Weskus ... ek weet nie ... net ver weg van hier af.”

Lodie probeer om sy kop op te tel en weg te skuif van die twee saalsakke af wat hy as kussing geprakseer het. Daar is orals bloed.

“Daar is 'n brief in een van my saalsakke; jy moet dit saamvat.”

“Wag, lê jy stil dat ek kyk,” Lukas rol vir Lodie versigtig eenkant toe en trek die saalsak onder sy kop uit. Hy krap 'n bietjie rond en vind die brief netjies toegedraai in 'n sagte stukkie seemsleer.

Hy wys dit vir Lodie, “Is dit wat jy soek?”

Lodie gryp die brief met bebloede hande en baie sag maar duidelik sê hy vir Lukas, “Vat hierdie brief ... en pas dit op met jou lewe. Hoor jy my?!”

Lodie begin nou vinnig agteruit gaan en Lukas vra angstig, “Maar na wie toe moet dit gaan?”

Lodie maak 'n aaklige geluid en gaan dood met die brief in sy bebloede hande. Lukas vat die stukkie leer uit Lodie se lewelope hand en haal die koevert uit. Daar is geen naam of adres op nie; net ou, bruin bloedvlekke.

Hy vou die koevert mooi in die stukke leer toe en bêre dit in die binnesak van sy stukkende baadjie. Willem kom aangestap en vra, “Hoe lyk hy?”

Lukas skud net sy kop, “Hy het dit nie gemaak nie, hy was flenters.”

Willem staan stil en kyk na Lodie se bebloede lyk. Dis duidelik dat hy eers dink voor hy verder praat, “Vat sy ammunisie, waterbottels, komberse ... en as hy nog iets het wat ons kan gebruik, vat dit ook.”

“Ek kom nou-nou terug, dan dra ons hom daar na die ander toe.” Lukas begin om deur Lodie se karige besittings te gaan terwyl hy sag-gies huil.

. . .

DIE KOUE VAN die nag het nou sy plek tussen die oorlewendes op die koppie gevind.

Twee jong seuns sit styf langs mekaar by ’n klein vuurtjie en staar emosieloos die vlamme in. Piet Ver Skiet Visagie en sy beste maat, Kleinjan Tromp, is beide dertien jaar oud en plaasseuns van die Bethulie distrik. Seshonderd treë ver het geen Kakie ’n kans gestaan teen dié twee nie; beide skerpskutters van statuur. Hulle het buitengewoon lang hare en absolute vreeslose gesigte.

Lukas en Wit Willem kom na hulle toe aangestap. Willem kyk stil na die twee voordat hy praat.

“Julle sit so naby die vuur; is julle nie bang die Kakies vat ’n lang skoot na julle toe nie?”

Sonder om op te kyk sê Piet Ver Skiet, “Hulle se moere. Hulle kan probeer. Ons kry koud!”

Lukas en Willem kyk vir mekaar en glimlag onderlangs. Willem besluit dan om nie verder grappies te maak nie.

“Ons gaan vannag vlug; kom julle saam?” Die twee kyk stadig op na Willem en ná ’n paar sekondes sê Kleinjan, “Vlug ...? Waarheen?”

Lukas antwoord dadelik, “Weskus ... Saldanhabaai ... Net só ver weg van hier af as moontlik.”

Piet vra emosieloos sonder om op te kyk, “Hoekom?”

“Want ons gaan almal vanaand hier vrek geskiet word ... Die Kakies gaan kom vir ons,” sê Lukas effens geïrriteerd. Piet antwoord met minag in sy stem, “Ons wag vir hulle; laat hulle kom probeer.”

Willem het genoeg gehad, “Hou op hardegat wees. Kom julle saam of nie?!”

Kleinjan en Piet kyk vir mekaar, knik hulle koppe en sê gelyk, “Ons kom saam.”

Willem is duidelik verlig, “Saak’s reg. Begin pak. Water, kos, ammunisie en warm goed. Raak besig,” Willem stap weg van die vuurtjie af.

Die twee jong takhare is dadelik opgewonde en Piet vra vir Lukas, “Wie kom nog saam?”

“Ek gaan nou met Louwtjie Wessels, Sybrandt Geldenhuys en Neef praat ... al die ander is dood.”

“En Lodie de Jager?” Lukas aarsel vir ’n oomblik en sê dan afgete, “Hy’t dit ook nie gemaak nie.”

“Gee ons vyftien minute.”

“Julle het ’n halfuur,” Lukas loop weg om na die ander seuns te gaan soek.

. . .

BANG EN VERWESE sit die tienjarige Louwtjie Wessels van Winburg en Sybrandt Geldenhuys, sy elfjarige maatjie van Kroonstad. Hulle het geen familie tussen die ouer manne nie; almal is al doodgeskiet en hulle het net mekaar om na om te sien. Lukas kom by hulle sit.

“Hoe lyk dinge met julle?” vra Lukas besorgd.

Louwtjie antwoord met ’n bang, maar brawe stemmetjie, “Ag, dis maar net koud.”

“En jy Sybrandt, met jou saam?”

“Honger?” Lukas besluit om hulle sommer dadelik van die planne te vertel.

“Manne, ons gaan vannag vlug en julle moet saamkom.”

“Al die penkoppe?” vra Louwtjie.

“Almal.”

“En wat van Neef?”

“Wit Willem praat nou met hom, maar hy sal saamgaan.”

Louwtjie en Sybrandt dink so 'n bietjie en staar die koue, wolklose hemel in, en dan na die chaos om hulle, “Waarheen wil julle vlug?” vra Louwtjie.

“So ver weg van die oorlog af as moontlik. Weskus êrens ... Saldanhabaai.”

“Ek het nog nooit die see gesien nie. Ek gaan saam,” sê Louwtjie, duidelik opgewonde.

Lukas kyk na Sybrandt terwyl hy vir 'n antwoord wag.

“Ek gaan ook saam. Louwtjie is my maatjie.”

“Nou goed; pak soveel kos, water, warm goed en ammunisie as wat julle kan kry.”

Hy kyk vir 'n oomblik na hulle.

“Ons beweeg oor 'n halfuur.”

Hulle knik en staan dadelik op.

. . .

DIT IS NOU amper doodstil op die koppie en almal wat nog leef het hulle vir nog 'n bitter koue nag wat voorlê reggemaak, asook vir die moontlikheid van 'n aanval deur die Kakies.

Die seuns het hulle karige besittings gepak en op hulle perde vasgemaak. Die res van die pakgoed is op 'n muil. Louwtjie en Sybrandt is saam op een perd; hulle is klein en lig genoeg vir die perd om te dra. Al die perde se teuels of enigets wat raas, is met stukke lap en opgesnyde komberse toegebind om nie enige geraas te maak nie. Klank trek bedrieglik ver in sulke koue, wolklose nagte.

Hulle klim stil en bedees op hulle perde; 'n paar van die seuns kyk vir oulaas na die manne wat agterbly en wat moontlik nooit weer die son gaan sien opkom nie.

Die kommandant en sy adjudant is die enigste van die burgers wat die seuns afsien.

Lukas sê met stil respek, “Oom, ons is op pad,” hy groet die

kommandant met die hand en klim stadig op sy perd en probeer om nie sy seer skouer te gebruik nie.

“Die oorlog kan nie vir altyd aangaan nie.”

Die kommandant kyk na Lukas, gee ’n slegte hoes en raak effens bewoë voor hy praat.

“Ons kan ook nie meer veel langer aangaan nie,” Lukas en die ander kyk na hom, maar sê niks, “Ons stap nou al vir ’n lang tyd deur die vallei van doodskaduwee, maar nêrens in die Bybel sê dit ons moet tent opslaan nie ... Julle moet net aanhou beweeg en moet nooit terugkyk nie.”

“Dankie Oom.”

Lukas draai sy perd om en stap stadig weg terwyl Willem die agterhoede dek.

. . .

DIT IS DONKERMAAN op die Vrystaatse vlaktes en al wat sigbaar is, is die sporadiese silhoeët van die seuns en hulle perde teen die sterrehemel; klein wasemwolkies wat ritmies uit die perde se monde blaas. Die seuns is tot by hulle ore toegedraai in stukke kombes wat opgesny is, met bokseil om hulle bene en voete gebind. Enigiets om die snerpende koue uit te hou.

Hulle beweeg amper geluidloos; nou en dan is daar iemand wat ’n hoes onderdruk of ’n perd wat kopskud en proes. Die sagte skuurgeluid van lang wintergras teen die perde se dye is skaars hoorbaar.

Dit is stil, onnatuurlik stil.

Skielik, vanuit die donkerte, roep ’n Engelse stem, “*Halt ...! Who goes there?*”

Die seuns het hulle in ’n stoppergroep Kakiesoldate vasgeloop.

Hoofstuk 2

LUKAS EN DIE seuns skrik, maar is reg daarvoor. Lukas skree so hard as wat hy kan, “Volg my!”

Soos een man reageer die seuns, lê spore in en begin jaag. Die nag word deur die blitse uit die Lee-Enfields se lope opgehelder en lyk soos oranje weerligstrale wat flitsend ’n donker verhoog verlig tydens ’n drama van oorverdowende chaos en verwarring. Die Kakies skiet in die algemene rigting van die seuns; die meeste van die seuns hardloop reg bo-oor die Kakies se stellings.

Die perd met die twee jongste seuns op steek vas. Willem sien dit en dapper draai hy om om te gaan help. Hy gryp die perd aan die teuels en jaag weg terwyl Louwtjie dit nog regkry om ’n paar skote in die rigting van die Kakiestellings te skiet. Hulle skiet dadelik terug na waar sy Mauser vuur spoeg.

Te midde van die chaos word die pakmuil doodgeskiet. Die seuns hou aan jaag totdat die Kakies ophou skiet.

. . .